

## WEEK 4 – HERLEWING, 2 KRONIEKE 7: 13-15.

### **2 Kronieke 7:13-15.**

*13 As (wanneer) Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as (wanneer) Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as (wanneer) Ek pes onder my volk stuur, 14 en (indien) my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan (daarna) sal Ek (verseker) uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.*

### **Inleidend.**

Ons pad so v<sup>o</sup>vêr – Die Here het sy seën van ons land onttrek (vers 13) – Hy (die Here) verwag in reaksie daarop 4 handeling van sy kinders (vers 14) – die eerste daarvan is om onself te verootmoedig / verneder (humble yourselves) en daarvoor het ons die vorige keer gesels.

Hierdie week – deel 2 van die 4 verwagte reaksies – bekeer van ons verkeerde / bouse weë (turn from your wicked ways)

### **Les 4 – Die Christen draai / bekeer van sy bouse weë.**

Ons het die 4 aksies van vers 14 soos volg ingedeel: 2 uitwaarts (God gerig), 2 inwaarts (bidder) gerig. Uitwaarts – (1)bid en (2) soek My aangesig. Inwards – (1) verootmoedig (humble) en (2) draai van bouse weë.

Die inwaartse reaksies is 'n eenmalige handeling, gevolg deur instandhouding daarvan indien ons weer sou val. M.a.w. 'n eenmalige bekering van hoogmoedigheid, gevolg deur toekomstige bekering daarvan sou die Here wys dat ons teruggeval het in ons ou weë. Dieselfde met die tweede inwaartse reaksie: Ons draai eenmalig van ons bouse weë, maar die aard van die mens is om terug te val, daarom mag aangaande bekering / terugdraai nodig wees, indien die Here ons daarop sou wys.

### **Aksie nr. 2 – Christene, bekeer julle van hul verkeerde weë. (vs. 14)**

Onthou julle ons skok toe ons uitvind dat die Here eerstens die land se Christene moet vergewe voordat Hy die land kan genees, maar dit is waar – die Christene se sondes staan tussen ons land se genesing en die Here. Die Here beveel ons, (Sy volk, oor wie Sy naam uitgeroep is) om ons te bekeer van ons bouse weë. Mede-Suid-Afrikaanse Christen broer en suster – dit beteken, of ons dit wil weet of nie, dat daar sonde is by Sy kinders, wat die Here uit die weg wil ruim. Ek en jy, my broer/suster in Christus moet ons bekeer van ons sondige weë. Kom ons gesels daarvoor.

Sonde is ongehoorsaamheid aan God se wil soos Hy dit in Sy Woord aan ons openbaar het. Sonde kan wees in my aksies, gedagtes, woorde, houding (attitude) of versuim (nie optree terwyl ek weet ek moet). Sonde kan op my eie gepleeg word (individueel) of dit kan saam met, of teenoor iemand anders gepleeg word, of dit kan korporatief as 'n groep mense, land of volk gepleeg word. Ek glo die Here wil hê ons moet met al 3 tipes sonde deel. Enkel (op ons eie) maar ook waar van toepassing kollektief (saam met, of teenoor andere) asook korporatief – as Christene landwyd.

- Sondes alleen gepleeg word alleen reggemaak. Dis 'n saak tussen my en God, en geen menslike tussenganger is nodig nie. (1 Tim 2:5)
- Sondes saam met, of teenoor ander gepleeg word tussen mekaar reggemaak, (Jak 5:16, Matt. 5:24) asook saam teenoor die Here bely.
- Sondes korporatief (As 'n nasie of groep mense in die nasie) word korporatief (in die openbaar) bely en reggemaak. Daar is verskeie voorbeelde in die Bybel waar God se kinders namens hulle volk en die leiers daarvan die sondes van daardie volk bely het.

Dink aan Nehemia (Nehemia 9:2) of Daniel (Daniel 9: 4-15) se gebede. Ek glo die Here wil hê Suid-Afrika se Christene moet iets soortgelyk begin doen.

### Bekeer (draai) van julle bouse weë – individuele sondes.

Suid-Afrikaanse Christen – ons gaan gehoorsaam wees aan hierdie opdrag uit 2 Kron. 7:14 en begin om ons te draai / bekeer van ons bouse weë. Ons gaan dit doen individueel, tussen mekaar waar van toepassing en DV korporatief as die nasie se Christene as ons ons land se sondes bely.

Ons fokus vir die res van hierdie les, een moontlik volgende les ook, op sondes wat ons individueel pleeg. Ons lees in Jes. 59 – *“Die Here se arm is nie te kort om te help nie, dit is ons oortredinge wat ’n skeidsmuur tussen ons en die Here gevorm het.”* Ons lees in Psalm 24 – *“Wie mag kom op My heilige berg (m.a.w. wie mag nader tot God) – Hy/Sy wat rein van hande en suiwer van hart is”,* d.w.s. die Christen wie se sondes nie meer in die pad staan nie, wat nie ’n skeidsmuur tussen hom/haar en die Here vorm nie.

Nie een van God se kinders is sonder sonde nie (1 Joh. 1: 8) en daarom is die proses wat ons gaan volg noodsaaklik vir elkeen van ons. Ons gaan individueel, elkeen wat hierdie woorde lees, ons sonde voor God bely en dan het ons ’n wonderlike woord van die Here – 1 Joh. 1:9 *“as (wanneer) ons ons sondes bely, Hy (die Here) is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reining.”* Nadat ons ons sondes voor die Here bely het, was Hy ons wit soos sneeu – dis die belofte van Jes. 1:18. Maar soos met al God se beloftes is daar ’n voorwaarde – As (wanneer) (indien) julle julle sondes bely.....

Die voorwaarde vir genesing vir onself en ons land is gehoorsaamheid aan hierdie opdrag – bekeer julle van julle bouse weë (vers 14) – God vra optrede en gehoorsaamheid van Sy kinders as voorwaarde vir die uitvoer van Sy beloftes.

### Sondes om te bely.

Die Here oortuig deur sy Heilige Gees van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh. 16:8). Kom ons vra nou die Heilige Gees om ons te oortuig daarvan wat nog die Here se hart bedroef, sodat ons in gehoorsaamheid kan regmaak (bekeer van ons bouse weë)

*“Here – Ek bid nou saam met my Christen broers en susters – Sal U deur U Heilige Gees vir ons kom oortuig van dit wat U bedroef. Ons onderneem om in gehoorsaamheid, elkeen vir wie U Gees oortuig, ons te bekeer en reg te maak met U. Dankie dat ons weet U sal dit doen, Amen.”*

1. **Ons sonde van biddeloosheid.** Nie een van ons bid genoeg nie. Die Here nooi ons om deurlopend vir Hom te nader in gebed. (Jak 4:8). Dikwels (myself ingesluit) verwaarloos ons gebed totdat die Here ’n krisis in ons lewens bring en eers dan spring ons weer weg in gebed. Die Here het dit vir ons moontlik gemaak om deurlopend en met vrymoedigheid met Hom te kommunikeer en verlang daarna (Hebr. 4:16). Indien die Here vir jou oortuig, bid asb. die volgende gebed.  
*“Here, ek bely dat ek traag is om tyd saam met U in gebed te spandeer. Vergewe my dat ek my dikwels met ander dinge besig hou, terwyl U ’n nader verhouding met my verlang. Help my asseblief om ’n man / vrou van gebed te word. Amen”*
2. **Verwaarlosing van die Woord.** Kom ons sê dit eerlik vir mekaar – ons het traag en lui geword om God se Woord te bestudeer en dan wonder ons hoekom ons dwaal en verward raak (Matt. 22:29). Van ons luister nog preke op YouTube of ander elektroniese media. Van ons doen nog moeite om die Woord te lees vir ’n rukkie eenkeer per dag. Maar weinig van ons doen moeite om God se Woord regtig te bestudeer. Studie neem tyd en moeite, maar hoe anders kan ons God leer ken? Daar is deesdae soveel hulpmiddels, websites, studie materiaal ens. dat ons regtig nie ’n verskoning het nie. Die Here het baie moeite gedoen om ons ’n onfeilbare, volmaakte

Woord te gee, breek dit nie Sy hart om te sien hoe min moeite sy kinders doen om die inhoud van Sy Woord in diepte te bestudeer nie? Daar word bv. gesê van die boek Romeine – “It is the most profound piece of writing in existence” (Samuel Taylor Coleridge). Wie van ons het al moeite gedoen om daardie dieptes te ontdek? Ons lees in Joh. 17:17 (Jesus se gebed) – “*heilig hulle (die Christene) deur die waarheid – U Woord is die waarheid*”. Die woord is die instrument (tool) wat die Heilige Gees gebruik om ons heilig te maak – maar gee ons die HG kans om daardie instrument (God se Woord) te gebruik? Kom ons bely hierdie sonde en vra die Here om ons ’n nuwe liefde vir Sy woord te gee en ook die wil om tyd en moeite te spandeer om Sy Woord ons eie te maak.

*“Here, ek bely dat ek U Woord verwaarloos, terwyl U dit gegee het as ’n geskenk vir my om te bestudeer. Vergewe my asseblief dat ek tyd het vir baie ander dinge, plesier, televisie, sport, stokperdjies, kuier, ens. maar min tyd vir U en U woord. Ek bely dat ek dikwels lui is om moete te doen om U woord te bestudeer en my eie te maak. Dankie, dat ek weet U sal my hierdie sondes vergewe en my reinig. Ek onderneem om die Bybel al hoe meer my geliefkoosde boek te maak, dankie dat U deur U Gees vir my sal help hierin. Amen.”*

3. **Ons gebrek aan simpatie vir ander.** Die lewe is moeilik. Om ’n Christen te wees in ’n groot voorreg, maar dikwels nie maklik nie, die Here verseker ons dit uit Sy woord (Job 5:7). Moet ons as Christene nie dalk bely dat ons soms kortaf en ongeduldig is met ander gelowiges wat swaarkry, hetsy geestelik, fisies, emosioneel of finansiële nie. Het ons nie so gewoon aan swaarkry en seer in ons land geword dat ons “compassion fatigue” ontwikkel het nie? Miskien is ons so gefokus op ons eie dinge en strewende na sukses dat ons net nie tyd het vir ander wat sukkel nie. Ek weet nie, die Here moet wys.... Die woord sê tog duidelik die vrug van die Gees is – vriendelikheid, goedheid, lankmoedigheid, **sagmoedigheid (gentleness)**. Ons het geen verskoning om koud, klinies en ongeduldig teenoor ander op te tree nie. Kom ons bid saam: *“Here – wys my asseblief deur u Gees indien ek hard en koud geword het teenoor my mede Christen broers en ook teenoor nie-Christene wat swaar en seerkry. Vergewe my as dit wel die geval is, want dit beteken dat daardie persone nie vir Jesus in my kan raaksien nie. Ek bekeer my daarvan. Help my om Jesus se liefde, sagtheid en “compassion” uit te leef teenoor ’n verlore gaande wêreld, en broers en susters wat swaarkry langs die pad. Amen.”*

### **Opsomming:**

Die 2e aksie wat God van Sy kinders verwag in tyd van krisis = beker julle van julle bose weë. Ons is besig, met God se genade, om prakties, stap vir stap presies dit te doen. Tans is ons besig met individuele sondes wat ons in opregtheid voor God bely.

Tot volgende keer.

Seën

MPG gebed span.